

23 Augustus 2012

Beste Teler

Boodskap van die Voorsitter

(This letter will soon be available in English at the office)

Dit is vir my as voorsitter 'n voorreg om deel te wees van die Nguni genootskap en ras. Ek het ook by verskeie geleenthede opgemerk hoe gemaklik en ondersteunend ons telers teenoor mekaar is! Dit is werklik aangenaam om sulke geleenthede by te woon. Dit maak my baie positief en opgewonde oor die toekoms van ons ras, asook die groot getal jong telers wat aansluit by die Genootskap. Dit was ook vir my 'n aangename verrassing om tydens die afgelope Nampo Oesfees te kon hoor hoeveel mense by ons stalletjie gestop het, net om te sê hulle boer ook met Nguni's, kommersieël of stoet. Daar is heelwat boere wat al reeds met Nguni's kommersieël boer en ek dink ons moet hulle baie meer betrek.

Huidiglik gaan dit goed met die genootskap en sy lede, maar daar is altyd plek vir verbetering en beter dienslewering. Dit is dan ook die doel van hierdie brief aan u. Daar is groot druk op die kantoor omdat telers nie die regte prosedures volg nie. Moontlik is dit omdat almal nie altyd presies weet wat om te doen of hoe om dit te doen nie. Ek hoop u sal die skrywe lees en ter harte neem dit wat op u van toepassing is. Daar is egter 'n paar bekommernisse wat ek met u moet deel.

1. Integriteit, eerlikheid, lojaliteit en noukeurige rekordhouding is ons belangrikste hoekstene waarop die stoet bedryf gebou word. Die klagtes van telers teenoor ander telers by wie diere gekoop word en die diere dan nie aan die minimum rasstandaarde voldoen nie, het baie toegeneem. Dit bly die verkoper se verantwoordelikheid om seker te maak die diere voldoen aan die minimum rasstandaarde. Die genootskap sal in so 'n geval die verkoper vra om die dier op sy koste te vervang. Hierdie probleem stel die genootskap in 'n moeilike posisie aangesien ons nie in privaat onderhandelings kan inmeng nie. Die genootskap sal wel 'n teler aanspreek as hy /sy die gedragskode oortree of diere as stoet verkoop wat nie aan die rasstandaarde voldoen nie. Ek wil ook kopers en verkopers waarsku om baie versigtig te wees wanneer kalfboek (ongekeurde) diere verkoop of gekoop word; daar is altyd 'n risiko aan verbonde. 'n Skriftelike ooreenkoms kan latere probleme baie vergemaklik. Ek wil ook 'n beroep op die telers doen om verantwoordelikheid te neem vir hul eie produk, as daar ontevredenheid oor diere ontstaan verwag die genootskap dat die verkoper eers self probeer om dit op te los en nie net sy skouers op te trek nie. Dit is moeilik vir die genootskap om tussen beide te tree in privaat transaksies, maar as dit negatief op die ras inwerk sal die genootskap sekerlik kyk of die verkoper volgens die grondwet en gedragskode opgetree het. Lees maar gerus weer so 'n bietjie deur die grondwet en kyk weer mooi na die etiese kode vir telers.

2. Verkoop van diere op veilings (nie onder die beskerming)

Indien veilings nie onder die beskerming van die genootskap plaasvind nie, is dit die verkoper se verantwoordelikheid om die diere oor te dra na die nuwe eienaar. Telers kanselleer die diere na die veiling in plaas daarvan om dit oor te dra na die nuwe teler. Die herinstelling van hierdie diere om hulle oor te dra, sal in die toekoms vir die verkoper se rekening gedoen word. Diere wat nie oorgedra kan word nie sal ook deur die verkoper vervang moet word. Maak dus seker dat indien u diere op 'n veiling verkoop die diere voldoen aan die minimum rasstandaarde om oorgedra te word, dit is u verantwoordelikheid om die diere oor te dra. Sulke diere moet nie gekanselleer word nie, maar die korrekte inligting van die koper moet aan SA Stamboek gestuur word vir die oordrag na die koper.

Die kantoor gaan nie meer in die toekoms hierdie probleme uitklaar vir veilings wat nie onder die beskerming van die genootskap plaasvind nie. Onnodige druk word op die kantoor geplaas, dit is die verkoper se verantwoordelikheid. Veilings word gehou en amper 'n jaar na die veiling is die diere nog steeds nie oorgedra na die nuwe eienaar nie. **NB Dit is 'n direkte handeling met SA Stamboek om diere oor te dra en nie die genootskap se plig nie.**

3. Veilings onder die beskerming van die genootskap

Die genootskap ontvang die vendurol van die Afslaers waarvolgens die Genootskap aan SA Stamboek opdrag gee vir die nodige oordragte. Dit gebeur al hoe meer dat die teler na afloop van sy veiling die verkoopsdiere kanselleer en kan die diere dan nie oorgedra word nie. Hierdie diere se herinstellingskoste sal vir die verkoper wees. Dit is die veilings koördineerder of die verkopers se plig om toe te sien dat die afslaer die vendurol so gou as moontlik aan die kantoor stuur sodat die diere oorgedra kan word. Telers moet ook self seker maak dat die diere wat ingeskryf word vir 'n veiling, se rekords korrek is. Dit is baie moeilik om die katalogus betyds gereed te kry, as daar diere is wat nie op die stelsel is nie, en die administrasie eers uitgestryk moet word. Die diere sal in die toekoms nie op die katalogus geplaas word nie. Dit is in die verlede gedoen met die belofte van die teler dat hy dit sal reg maak, maar as die diere eers op die katalogus verskyn en op die veiling verkoop is, vergeet hy van sy belofte. Geen uitsonderings sal meer gemaak word nie. Dit geld ook vir koeie wat net voor die veiling gekalf het en die kalf is nog nie opgegee nie. Onthou die kalf word by Stamboek geregistreer en nie by die Genootskap nie. Die kantoor kommunikeer slegs met die veilings koördineerder om die katalogus se probleme uitgestryk te kry en te finaliseer en nie met al die verkopers afsonderlik nie, dit is net chaos om met tien verskillende verkopers te werk. Een verkoper kan 'n katalogus baie vertrap en dan dink die ander telers dit is die genootskap se vertraging. Dit is die koördineerder se plig om met die verkoper te kommunikeer en finale goedkeuring vir die katalogus word deur die koördineerder (namens die verkoper) aan die Genootskap gegee.

Veearts sertifikate moet aan die afslaer of inspekteur oorhandig word wanneer diere by 'n veiling afgelaai word. Die genootskap het heelwat veeartse as telers en word 'n beroep gedoen op hierdie veeartse om sensitief te wees as hulle hul eie diere ondersoek en self sertifikate uitreik. Dit plaas 'n groot risiko op hulself.

Inspeksie van kalfboek diere by veilings: Daar sal in die toekoms nie weer kalfboek diere tydens 'n veilings inspeksie geïnspekteer word nie. Telers moet seker maak diere is geïnspekteer voor hulle die diere inskryf. Geen uitsonderings sal gemaak word nie.

4. Direkte handeling: U betaal daarvoor; gebruik dit. Geboortekennisgewing kansellasies en oordragte WORD DIREK NA SA STAMBOEK GESTUUR. Dit help nie u stuur dit na die genootskap toe nie, die genootskap moet dit dan weer na SA Stamboek stuur en is dit onnodige werk en 'n baie langer proses.

5. Semen vir KI: Daar is sekere reëls in die grondwet wat die tap van semen orden. Ek doen 'n beroep op u as teler om seker te maak u kom die reëls na, al is dit vir eie gebruik in u stoet. "Eie gebruik" is presies wat dit sê dat dit is vir die eienaar se eie gebruik in sy eie kudde. (Sien punt 7 van die" BY-LAWS " in die grondwet). Soos vroeër reeds genoem is noukeurige en korrekte rekordhouding en integriteit van die genootskap se belangrikste hoekstene in die stoet bedryf en doen ek 'n beroep op telers om die reëls na te kom. Ons konstitusie bepaal dat 'n teler die genootskap in kennis moet stel as hy semen vir eie gebruik in sy kudde getap het asook die hoeveelheid.. Ek wil dit ook onder u aandag bring dat dit verpligtend is vir 'n teler om te verklaar as daar semen van 'n bul getap is en hy verkoop die bul.'n Bul kan slegs oorgedra word as daar 'n sertifikaat saam met die oordrag aansoek is wat sê hoeveel saad getap is en waar dit gestoor word. As dit nie verklaar is nie, sal die kalwers wat van die semen verwek word nie kwalifiseer vir registrasie nie. Ek doen ook 'n beroep op telers wat koeie wil KI om seker te maak die semen wat u wil gebruik is wettig anders sal die kalwers nie opgeneem word nie. Die Genootskap kan nie na die tyd reëls buig of breek net om 'n fout reg te maak nie. Ek vra ernstig u samewerking in hierdie verband.

6. Uit die hand verkope. Hierdie is tans 'n groot probleem, omrede daar gewoonlik nie skriftelike ooreenkomste oor die voorwaardes van die verkope is nie. Dit is belangrik om 'n skriftelike ooreenkoms tussen koper en verkoper te teken sodat daar nie later enige beskuldiging kan plaasvind nie. Dit kan 'n baie kort ooreenkoms wees en melding moet gemaak word of die diere as stoet of kommersieël verkoop is en onder watter voorwaardes. Dit is die verkoper se plig om die diere oor te dra na die nuwe eienaar. Die verkoper moet voor verkope seker maak of die diere aan die vereistes voldoen om oorgedra te word, anders moet hy die diere as kommersieël verkoop of eers die diere se rekords op datum kry. Indien 'n teler diere as stoet verkoop en die diere voldoen nie aan die minimum rasstandaarde nie, sal die genootskap die verkoper versoek om die diere op sy koste te vervang.

7. Katalogusse vir veilings

Soos reeds aan al die telers bekend is prestasietoetsing (Diereaantekeninge) nie verpligtend by die genootskap nie en kan telers kies waar hulle prestasietoetsing wil doen. Huidiglik is daar geen uitruiling van inligting tussen SA Stamboek en die LNR nie. Die gevolg is dat die katalogus wat deur SA Stamboek (as registrerende owerheid) saamgestel word, geen inligting van die LNR prestasie metings bevat nie. Die teler is dus self verantwoordelik om alle inligting aan die LNR te verskaf, asook die geboortekennisgewings. Telers kan die LNR versoek om vir hulle katalogusse met die prestasie data te druk indien moontlik, maar sal daar dan twee katalogusse vir dieselfde veiling wees.

8. Prestasietoetsing speel al hoe meer 'n belangrik rol by die aankoop van geregistreerde diere, kopers doen navrae oor teelwaardes van diere waarin hulle belangstel om te koop. 'n Baie klein getal telers neem deel aan prestasie toetsing en is die waardes ongelukkig nie heeltemal akkuraat nie veral omdat telers ook nie by dieselfde instansie prestasie toetsing doen nie. Die waardes wat toegeken word veroorsaak ook onakkuraatheid van die ontledings. Nie omdat die verrekenings verkeerd gedoen word nie, maar omdat daar te min deelnemers en inligting is. Die meerderheid telers doen prestasie toetsing by SA Stamboek, terwyl 'n klein persentasie telers van die LNR gebruik maak. Hoe meer telers aan prestasie meting deelneem, by dieselfde plek, hoe meer waarde kan aan die verwerkte inligting geheg word, maar dit bly 'n privaat ooreenkoms tussen die teler en sy diensverskaffer.

9. SA Stamboek en LNR. Soos u reeds ingelig is, is SA Stamboek en die LNR se bande gebreek in November 2011. Die instansies het dieselfde deelnemers lys ontvang en is die gevolg dat albei instansies onder die indruk was dat telers van hul onderskeie dienste gebruik gaan maak. Daarom sou u dalk 'n faktuur ontvang het van die instansie waarby u NIE betrokke is nie en moet u die instansie in kennis stel dat u nie van hul dienste gebruik sal maak nie. Indien u verkies om by die LNR u diere aantekeninge te doen, moet u self u geboorte registrasies aan hulle stuur, of u kan met SA Stamboek onderhandel en hoor of hulle dit kan doen.

10. DNA: DNA profiele van diere kan van vele waarde wees. **Die raad het dit dan ook goed gedink om DNA profiele vir bulle verpligtend te maak vanaf 1 Januarie 2013.** Dit beteken dat geen kalf opgeneem sal word as die vaar nie 'n DNA profiel op die stelsel het nie. Dit sal help met ouerskap verifieëring en ook om veelvuldige vaars se ouers te identifiseer. Indien ouerskap toetsing gedoen moet word is die bul se profiel reeds beskikbaar. Dit sal ook help in gevalle waar die bul dood of verkoop is.

11. Ouerskap verifieëring

Jaarliks word ongeveer 10 telers geïdentifiseer deur die stelsel en word hulle versoek om ouerskap verifieëring te doen op vyf diere soos deur die stelsel uitgesoek. Die genootskap dra die kostes en het die genootskap ook die reg om met rede enige teler te nomineer vir die toets. Sterthare van die kalf, sy moeder en sy vaar word geneem en volgens voorskrifte aan die genomineerde laboratorium gestuur. Hierdeur sal bepaal word of die koei en vaar die korrekte ouers van die kalf is. Hierdie ontledings is belangrik om geloofwaardigheid te gee aan die Genootskap se rekords. Diere wat negatief toets, word onmiddellik gekanselleer en nuwe diere word genomineer waarvan daar weer monsters ingestuur moet word.

12. IDC Nguni projekte. Hierdie projekte kan 'n volhoubare mark word, indien dit reg bestuur word. Telers sal hulle beskikbaar moet stel om as mentors op te tree vir hierdie nuwe boere. Telers kan nie

net die diere verkoop sonder om ook praktiese en administratiewe hulp te verleen nie. Ongelukkig is daar ook opportunistiese telers wat substandaard diere teen top pryse aan die projekte verkoop wat die projekte kan benadeel en die mark skade kan berokken. Daar word voorgestel om verkieslik in samewerking met die onderskeie klubs saam te werk. Hierdeur kan die diere se rekords nagaan word en word hierdie metode ook so deur die IDC verkies.

13. Die NGUNI handelsmerk is na baie jare geregistreer onder die Nguni Beestelersgenootskap. Die bevestiging is reeds ontvang en is die nodige sertifikaat in die proses van finalisering. Hierdeur hoop die Raad dat hierdie unieke produkte in eie reg beskerm sal word. Sodra die dokumente ontvang word sal die telers ingelig word en 'n uiteensetting van die verskillende klasse van registrasie sal aan u gestuur word.

14. Inspeksie lysie. Waar die inspeksie kort voor 'n veiling gedoen moet word, doen ek 'n beroep op die inspekteurs om die lysie so gou as moontlik aan die kantoor te stuur. Die kantoor benodig hierdie lysie om die data te laat aanbring sodat die katalogus saamgestel kan word. Telers kan ook 'n afskrif van hul voltooië inspeksielysie aan die kantoor stuur om seker te maak die inligting is betyds by die kantoor. Maak asseblief seker dat die korrekte lysie waar u as teler sowel as die inspekteur die vorms volledig ingevul en geteken het, gestuur word.

15. FR / ER diere. First Registration / Eerste Registrasie diere besorg die genootskap ook baie probleme. Wat was die bedoeling vir die registrasie van FR / ER diere? Die doel was om diere wat buite die stelsel is en wat baie tipies lyk toe te laat tot die stelsel. Weens die misbruik van die reël, is dit so verander dat FR / ER diere glad nie meer oorgedra kan word nie. Indien 'n teler ongeregistreerde diere besit wat fenotipies Nguni lyk, kan die diere as FR met inspeksie aangebied word. Tydens die inspeksie van FR / ER diere word alle ander brandmerke aangeteken en nagegaan om vas te stel of die diere nie voorheen afgekeur was nie. Die teler neem 'n kans om 'n onbekende diere op die stelsel aan te bring en aanteel van die diere aan te teken. Die nageslag van FR diere wat 'n inspeksie geslaag het en as die moeder aan die minimum rasstandaarde voldoen kan die diere as Afdeling A diere oorgedra word. Ongelukkig is daar al meer en meer bewyse dat die vergunning gruwelik misbruik word. Vroulike diere wat afgekeur word, word net so in die kudde gehou en hul aanteel word as FR / ER diere aangebied. Dit is kortsigtig en doen die ras skade. Dit wat juis nie aanvaarbaar is vir die stelsel nie, bly nou in die stelsel. Miskien moet ons daaraan dink om die FR / ER stelsel te verander 'n moontlikheid is om FR / ER diere se nageslag ook FR'e te hou en ook nie oordraagbaar te maak nie, maar eers na die derde of vierde geslag op te gradeer na Afdeling A toe. U samewerking en tyd sal leer **FR / ER diere word dus nie geteel uit afgekeurde diere nie, dit is verkeerd en kan die ras groot skade berokken.!!!** As FR / ER diere en die misbruik daarvan verder drasties toeneem sal die genootskap die reëls moet verander.

Hierdie is reëls wat nog altyd daar was. As almal eerlik is en met integriteit en lojaliteit hul stoet bedryf, sal dit baie onnodige druk van die kantoor verminder. Dit sal ook die onaangename taak om telers aan te spreek vir die raad minder maak. Behou die ordelikheid in die genootskap en kom die reëls na. Die Nguni genootskap is die vleisbees ras met die meeste telers wat by SA Stamboek geregistreer is en deur die reëls na te kom is al manier om goed te funksioneer en 'n goeie diens aan die lede te lewer.

Met hierdie skrywe doen ek 'n beroep op u as teler se lojaliteit en samewerking.

Sterkte met die nuwe veilings- en kalf seisoen. Onthou om al die reëls na te kom.

NGUNI Groete

.....
President: Archie du Plessis

